


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## Week 6: 29 September – 5 Oktober 2025

Die Bybel is van onskatbare waarde in die lewe van enige volgeling van Christus.

Volgens die *Wycliffe Global Alliance's Global Scripture Access* se data:
- Is daar 7 396 tale wêreldwyd.
- **3 389** tale is sonder toegang tot die Skrif.

*The Word for the World is* gestig in 1981 en het die afgelope paar jaar God se magtige hand gesien. Vir meer as vier dekades het die bediening 164 projekte van stapel gestuur. As gevolg van vurige gebed en God se wonderlike genade het daardie getal die afgelope vier jaar al meer as verdubbel – van 164 in 2022 tot 'n verstommende 443 aktiewe projekte in 2025! Elke voltooide projek beteken dat nog 'n gemeenskap nou die lewegewende Woord in hul eie hartstaal ontvang.

Regoor die wêreld bou momentum op – elke 3-4 dae word 'n nuwe Bybel of Nuwe Testament beskikbaar gestel!

Ons loof God vir hierdie versnelling in Bybelvertaling. Laat ons hierdie week in gebed verenig – met die fokus op Bybelvertaling in Afrika en regoor die wêreld – sodat elke volksgroep binnekort die Skrif in hulle eie taal kan hê.

Hierdie spesiale week van gebed is 'n inisiatief van Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk in samewerking met die volgende Bybelvertalingsnetwerke.

LuminAfrica · with WORDS (love · serve · uplift) · wycliffe BIBLE TRANSLATION · THE WORD FOR THE WORLD SOUTH-AFRICA · Biblica · SIL

## MAANDAG 29 SEPTEMBER 2025



### DOWE MENSE EN GEBARETAAL BYBELVERTALING

*Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het. Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei.* (1 Korintiërs 3:6-7).

Dowe gemeenskappe regoor Afrika het God se Woord in hulle hartstaal nodig. Baie gebaretale in Afrika het steeds nie die Skrif in hul moedertaal nie.

**Kom ons bid**

- Bid vir die groei van Dowe kerke en groter bewustheid van hoe belangrik die vertaling van gebaretaal in Afrika is.
- Vra die Here om bekwame vertalers van gebaretaal in Afrika en wêreldwyd op te rig, dowe gelowiges te versterk en vir eenheid binne die gemeenskap van dowes in Afrika sodat Sy Woord lewens kan verander.

**Verklaar die krag van God se Woord oor die dowes in jou land:**

*Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is.* (Psalm 119:130).

---

## DINSDAG 30 SEPTEMBER 2025




### VERSNELLING VAN BYBELVERTALINGSPROJEKTE

*Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.* (Galasiërs 6:9).

Met tegnologie en vennootskappe wat vertaling bespoedig, is meer projekte regoor Afrika aan die gang as ooit tevore. Elke projek benodig deursettingsvermoë, hulpbronne en God se leiding om voltooi te word.

**Kom ons bid**

- Dank en gee lof aan God vir die versnelling van vertaalwerk.
- Vra ons hemelse Vader om vertalers in Afrika te help om te volhard, in hul behoeftes te voorsien en elke projek op die vasteland tot voltooiing te bring, sodat geen gemeenskap sonder Sy Woord gelaat word nie.
- Bid God se seën volgens Psalm 90:17 oor die huidige vertaalprojekte van Wycliffe Bybelvertaling, Bybelgenootskap, Biblica, The Word for the World, Hands with Words – Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT).

**Verklaar die krag van God se Woord oor vertalingsprojekte:**

*… wat sy bevel na die aarde stuur—sy woord loop baie vinnig.* (Psalm 147:15, OV).



## WOENSDAG 1 OKTOBER 2025

### HULPBRONNE



*... verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.* (Psalm 37:4).

Die Bybelvertalingsbeweging in Afrika benodig finansiële, menslike en tegnologiese hulpbronne. Werkers soos vertalers, konsultante, IT-spesialiste en geletterdheidsopleiers word steeds in baie streke van Afrika benodig.

**Kom ons bid**

- Vra die Here, ons Voorsiener, vir hulpbronne binne en vanuit Afrika, vir vrygewigheid om in Afrika-kerke en individue aangewakker te word. Bid ook vir meer werkers om te reageer op die erns van die insameling van die oes (2 Korintiërs 9:10-11).

**Verklaar die krag van God se Woord oor die bedieninge:**

Die woord van God kan nie geboei word nie (2 Timoteus 2:9). Die woord wat uit Sy mond uitgaan sal nie leeg na Hom terugkeer nie, maar doen wat Hom behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Hy dit stuur (Jesaja 55:11).

## DONDERDAG 2 OKTOBER 2025

### WÊRELDWYE STRATEGIESE SAMEWERKING



*Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon!* (Psalm 133:1).

Die Bybelvertalingsbeweging in Afrika ervaar tans eenheid en samewerking tussen organisasies, alliansies en plaaslike kerke. Hierdie eenheid moet ten alle koste beskerm word.

**Kom ons bid**

- Loof die Here vir die eenheid wat Hy onder Bybelvertalingsvennote in Afrika gevestig het.
- Bid dat hulle versterk sal word in hul samewerking sodat hulle saam kan sien hoe God se Woord elke gemeenskap regoor hierdie kontinent en die wêreld bereik.

**Verklaar die krag van God se Woord oor jou plaaslike kerk:**

*Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.* (Hebreërs 4:12).



## VRYDAG 3 OKTOBER 2025

### BEPERKTE LANDE




*Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging; en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus…* (Kolossense 4:2-3).

In talle Afrika-lande staan regerings Christelike werk, insluitend Bybelvertaling, teë of beperk dit. Ten spyte van uitdagings gaan moedige gelowiges en vertalers in Afrika voort om op 'n diskrete manier in hierdie nasies te dien.

**Laat ons bid**

- Roep uit tot God om deure oop te maak vir Sy Woord in Afrika-lande waar beperkings ingestel is.
- Vra die Here om diegene wat in verborge omstandighede dien te beskerm en gelowiges wat vervolging in die gesig staar, aan te moedig.

**Verklaar die krag van God se Woord oor nasies waar die Bybel verbode is:**
*Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is.* (1 Petrus 1:24-25a).

---

## SATERDAG 4 OKTOBER 2025

### VERTALERS EN HULLE GESINNE



*"Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."* (Josua 24:15).

Vertalers in Afrika staar gereeld lang ure, gedetailleerde werk en geestelike teenstand in die gesig. Hulle gesinne deel ook die las van die roeping. As gesinne het hulle nodig om goeie gesondheid, vreugde, voorsiening en beskerming te geniet.

**Kom ons bid**

- Vra die Here om vertalers in Afrika met wysheid en deursettingsvermoë te versterk; om hul gesinne met vrede te bewaak, in hul behoeftes te voorsien en hulle van moedeloosheid of uitbranding te bewaar.
- Bid vir die huwelike van vertalers; dat hul kinders in die kennis van God se Woord sal groei en hulle liefde vir Hom met ander sal deel.

**Verklaar die krag van God se Woord oor die jeug:**
*Hoe lief het ek u wet! Dit bly my elke oomblik by.* (Psalm 119:97).

---



## SONDAG 5 OKTOBER 2025

### LEIERS IN DIE BYBELVERTALINGSBEWEGING



*Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.* (Johannes 15:4).

Afrika-leiers lei die visie en rigting van die Bybelvertalingsbeweging. Hulle grootste behoefte is om naby Christus te bly, sensitief vir Sy Gees te wees, en om met nederigheid en wysheid te lei.

**Kom ons bid**

- Vra die Here om Afrika-leiers gewortel in Hom te hou. Mag hulle in nederigheid, onderskeidingsvermoë en afhanklikheid van die Heilige Gees wandel terwyl hulle die beweging vorentoe regoor Afrika lei.

**Verklaar die krag van God se Woord oor leiers:**

*Maar Hy antwoord: "Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom."* (Matteus 4:4).

---

